Spesiale Aanbod!
12 Pr. Voetbalskoene teen 18/6 per paa
Die Eikestadwinkel
(Edms.) Bpk.
PLEINSTR., STELLENBOSCH

# DIE Matie

VILJOEN
se fietswinkel sal u fiets weer repareer. Bring dit net.
*Dele is skaars maar ons doen nog ons bes.*
ONTHOU — in Pleinstraat
*Net langs Suikerbossie.*

Gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery en uitgegee deur die A.N.S.-Tak Stellenbosch

STELLENBOSSE STUDENTEKOERANT. ORGAAN VAN A.N.S.-TAK.

DEEL IV, No. 11. VRYDAG, 19 MEI 1944 PRYS 1d.

## 1944-Intervarsity Eindig Gelykop

### Puntelose Gelykopspel na Geweldige Stryd

**DIE MANNE VAN „DIE BURGER" HET VERLEDE SATERDAG WEER 'N KANS GEKRY OM TE SÊ DAT DIE „INTERVARSITY-LOUERE GEDEEL IS."**

**Elkeen van die 10,000 toeskouers wat Saterdag na Coetzenburg gestroom het, het g hoop dat die Maties en die Apies hierdie slag 'n beslissing sou bereik. Maar namate die groot stryd gevorder het, het een en almal besef dat daar geen deurkom kans was nie. Gelykop was inderdaad die enigste uitslag wat aan albei kante reg sou laat geskied.**

Vroeg Saterdagoggend het die Apies hulle inval begin. Dit was nog nie mooi lig nie of Fanie en sy manne hou met 'n streep motors voor Dagbreek stil, en raas en sing en lawaai „dat die kranse antwoord gee"—tot die diepste verontwaardiging van die slapendes. Maar hierdie voorval was gou vergete — behalwe dat dit gevaarlike manne in die regte stemming gebring het vir die stryd.

So om en by 10.30 het al wat leef gaan kyk hoe die onder-19 seuns mekaar karnuffel. Almal was tevrede—en tegelyk verras, want die Apies het ons beroemde A-span lelik onder stof geloop. Die uitslag was 6—3, twee drieë teen 'n strafdoel.

Intussen het man en muis begin toustaan vir die slae van die middag, en toe daar later nie vir 'n speld meer plek was nie, het die „Tirds" op die veld gedraf. En Koekjan het sommer gou beroering onder die menigte gebring en getoon dat hy nie verniet die grootste „brag" ge„brag" het in die geskiedenis van die „Groot Brag" nie. Sy drie was die enigste van die wedstryd en 'n pragtige stukkie werk.

Maar terwyl die „Tirds" besig was om hulle roemryke Intervarsity-rekord te bestendig het die twee dirigente hulle verskyning gemaak en met mekaar begin gesels. En die Matie- en Apie-lawaaimakers het so ekere gegaan dat die publiek elke oomblik verwag het dat die pawiljoen sou padgee.

Maar die rooies en die wittes op die veld het uit hierdie lawaai nuwe inspirasie geput, en gespook en gebeur en geen liefde en agting vir mekaar getoon nie. Maar dit was die Maties wat die meeste skade gedoen het. Die tweede span het die Apies so verniel dat Louis met reg Darwin se telegram kon voorlees: „Radiofoto van Apies gesien stop kanselleer asseblief my ewolusieteorie."

#### GEHEIME WAPEN

Net voor die eerste spanne aanmekaar gespring het, het die Apies kans gekry om te wys wat hulle „geheime wapen" met die Maties sou uitrig. Die „Matie-geheim" van die „tamatie-perd" is gou deur die wagte van „die stad Groote Schuur" opgeëis en onskadelik gestel. En toe het die Apies se „geheime wapen" ('n voetbal) 'n Matie-frontaanval in die war gestuur. Hierdie oorspronklike voorstelling het van alle kante byval gevind.

#### DIE GROOT SLAG

Hierna het die wêreld reggeskuif vir die groot gebeurtenis. Sommer met die afskop het Louis se manne weggeval met „Aan die brand!", en Guy-hulle het daarop geantwoord met hulle nuwe strydlied „Matieland —aan die brand." Maar hierna het niemand meer geluister nie, want niemand kon meer gehoor word nie. Dit het gelyk asof selfs die Pieke ore toedruk.

Op die veld het 'n geweldige stryd ontstaan. Dit was byna onmoontlik om te glo dat medestudente mekaar so kan rinneweer. Die Apies het met meer inisiatief en ondernemingsgees opgetree, maar die Maties het hardnekkig gekeer en dit het niemand verbaas toe die endfluitjie die twee vernielde spanne van die veld geroep het sonder dat daar punte aangeteken is nie.

Maar op die pawiljoen het dit lank daarna nog gedawer en gedreun. En toe eindelik, het, soos „Die Burger" in 1942 gesê het, „die vyande van flus vriende vir die aand geword en op velerlei viering, sommige amptelik, ander nie so amptelik nie, die herinnerings van die middag gaan voeg by die herinnerings van die verlede om tot in lengte van dae bewaar te word."

### Eerste Byeenkoms !

- **Van Juniortak vir Ingenieurs van die S.A.A.**
- **Vanaand 7.30 — Groot Voorlesingsaal, Fisikagebou.**
- **Openingsrede: Prof. H. L. Reitz — Formele stigting.**
- **Lesing: Prof. R. L. Straszacker — „Windkragte."**

**Almal hartlik welkom! 'n Uitstekende lesing word verseker!**

## Stellenbosch Berei Voor Vir Die Stryd van die Arbeider

**Maandagmiddag om 3.45 dien die volgende mosie, voorgestel deur mnr. Dawid Snyman en sekondeer deur mnr. Fanie Botha voor 'n monstervergadering in die Rec.-saal:**

(1) Dit is met onrus dat hierdie Studenteunie in die afgelope tyd kennis geneem het van die dreigende gevaar van die uitbuitende kapitalisme en denasionaliserende Kommunisme in S.-A. Omdat ons glo dat Kommunisme bereken word om:

(a) Die blanke werkers veral in ons groot stede van ons kerk- en volksverband te vervreem, en

(b) die naturelle op te stook vir 'n Kommunistiese revolusie, glo ons daarom dat dit 'n ernstige gevaar vir ons volk se voortbestaan word.

(2) Daarom verwerp ons as studenteunie alle Kommunistiese beskouings en leerstellinge, en veroordeel ons onomwonde alle huidige Kommunistiese praktyke as on-Afrikaans en anti-nasionaal en skaar ons ons aan die kant van die Afrikaner-werkers in ons groot stede teen en binne Kommunisties-gesinde vakunies om behoud van hulle nasionale tradisies.

(3) Met blydskap neem ons kennis van pogings van die kant van die kerk en ander Afrikaanse organisasies om te waarsku teen bogenoemde Kommunistiese gevare en beloof ons steun aan elke poging van Afrikanerkant om Kommunisme te bekamp en die werkers te help in hulle stryd.

(4) Ook neem ons met genoeë kennis van 'n poging van die A.N.S. om deur die byeenroeping van alle Afrikanerstudente d.m.v. alle studenterade en plaaslike studentebewegings in 'n omvattende Afrikaner studentekongres, die Afrikanerstudent bekend te stel met en geïnteresseerd te kry in die praktiese probleme van die blanke werkers en die praktiese van Kommunisme in die vakunies. Ons sê ons steun toe aan hierdie saak en wens aan te dring by elke student om hom/haarself vertroud te maak met die feite en hulp te verleen aan Afrikanerwerkers.

STELLENBOSSE STUDENT, MEDE-AFRIKANER, U MAG U PLIG NIE VERSUIM NIE! U MOET U STEUN AAN DIE DRINGENDE SAAK VERLEEN.

ONTHOU MAANDAGMIDDAG om 3.45.

## Ing.-studente Stig Eie Vereniging

Die studente van die Fakulteit van Ingenieurswese het nou oorgegaan tot die stigting van 'n eie vereniging, waarvan reeds tevore in *Die Matie* vermeld is. Op uitnodiging van die Ingenieursvereniging van U.K. het 'n aantal verteenwoordigers van die pasgestigte plaaslike vereniging 'n besoek gebring aan 'n byeenkoms van die Kaapse vereniging en sodoende is kontak met hulle verkry.

Die plaaslike vereniging het erkenning deur die S.V.R. verkry; en het ook uitnodigings tot samewerking gerig aan die Handelsvereniging, die Landbouvereniging en die Wetenskaplike vereniging van ons Universiteit.

**Vanaand vind die eerste byeenkoms van die vereniging plaas en by dié geleentheid sal die formele stigting dan ook plaasvind.**

Die vereniging is voornemens om Saterdag, 27 deser 'n besoek te bring aan die Kaapse droogdok asook die firma **Gearings.**

*Die Matie* wens die ingenieursstudente alle sukses toe in hulle groot poging.

## KUNSWEDSTRYD VORDER FLUKS

### Sterk Mededinging

Die plaaslike kunswedstryd, onder die flukse en bekwame leiding van mej. Sarie Pienaar en dr. Kempen, is tot dusver besonder geslaagd; in soverre so dat elke beoordeling meer inhou vir die volgende, sodat 'n mens wonder of dit nie beter sal wees om maar net na die pryswennerskonsert te gaan nie: indien die beoordelings van so 'n gehalte bly as tot dusver die geval was, kan selfs so 'n pryswennerskonsert teleurstellend wees.

Anna Immelman en Erika Paulsen het weereens die toon aangegee in die damesafdeling (sang) — veral in die opera-sang het hulle hul besonder onderskei. Onder die mans dien besonder melding gemaak te word van mnr. B. Verster wat 'n eersteklas in sy afdeling (baritoon) behaal het, en mnr. Serfontein wat desgelyks in die tenoor-afdeling presteer het. Besonder verblydend is die feit dat die twee jonge here beide in hul eerste jaar op Stellen-

(Vervolg op bls. 3 kol. 1.)

INSPAN, UITSPAN, ONTSPAN
by die
UITSPAN
Melktert, Tuisgemaakte Pasteitjies, Koesisters, Pannekoek - - - -
Boeretroos na Boer sport

**DIE EIKE KAFÉ**
Onder persoonlike toesig van
(Mnr. en Mev. van Zyl)
SIGARETTE en TABAK
SJOKOLADE en GEBAK
VARS VRUGTE
en
GROENTE
LIGTE ETES ALLE URE!
In ruil vir u gewaardeerde ondersteuning waarborg ons u
*DIE BESTE DIENSTE*

**Skeer-Lemmetjies**
*Pakkie van 5, 9½d.*
*In karton-dosies van 20 pakkies van 5 lemmetjies elk, 15/10*
**HORLOSIES**
*Ons het 'n wonderlike keuse van beste en gewaarborgde Switserse Armband-horlosies*
VANAF £1-1-0 TOT £7-0-0
**R. MÜLLER**
(Eiens.) Bpk.
Pleinstraat, STELLENBOSCH.

**APTEKERS**
Ons bied u deskundige bediening en betroubare medisyne aan.
●
**JOERNING en SEUN**
(Eiens.) Bpk.
Hoek Bird- en Pleinstraat,
STELLENBOSCH.

**Die Plaza**
Foon 0013.
●
Star Spangled Rythm
BING CROSBY
DOROTHY LAMOUR
*Vrydag en Saterdag*
*19 en 20 Mei*
Matinee: Saterdag om 3 n.m.

**Goeie Raad!**
●
Daar kom 'n tyd in die lewe van elke mens dat hy iets netjies wil laat druk, al is dit net......
'n Visitekaartjie
'n Sirkulêr
'n Program
'n Bloemlesing
'n Geleerde Dissertasie
of wat ook. Kom reguit na ons. Onr raad is vry—ons werk word gewaarborg.
*Ons hele Staf is tot u diens!*
Pro Ecclesia-Drukkery,
Pastoriestraat, Stellenbosch.

**DIE MATIE**

Alle Korrespondensie aan:
H. S. MARAIS,
HOOFREDAKTEUR,
Dagbreek.

Korrespondensie i.s. Inskrywings aan:
*Die Matie* Administrasie,
Posbus 28,
STELLENBOSCH.

Deel IV. 19 Mei 1944. No. 11.

## EENHEIDSBEGINSEL AS EENHEIDSBAND

Intervarsity is verby. *Die Matie* het ook sy deel probeer bydra tot die sukses van die dag deur die die beklemtoning van alle aspekte—die luimige, die spoggerige sowel as die dieperliggende beginsels en betekenis van „ons *eie* Intervarsity."

Ons moet egter nou kyk of hierdie seëviering van 'n beginsel nie toegepas en uitgebou kan word op die breëre volksterrein insluitende ons studentegemeenskap as geheel; ons moet nagaan of hierdie „praktiese toepassing van die vermoë van die Afrikaner om oor die nietighede heen te sien na die mikpunt" nie ook rigtinggewend kan wees in die volksverband as geheel nie. (Terwille van kwaadwilliges wat maar gedurigdeur op die loer is vir een of ander mistrap wat hulle 'n vasvatkansie kan gee moet ons net hier duidelik stel dat die sport assulks deur dié verhandeling geensins in enige politieke verband inforseer word nie, maar dat slegs die idee van gemeenskaplike beginsel toegepas word).

*Afrikanersportman* het *Afrikanersportman* gevind in die nastrewing van 'n gemeenskaplike beginsel. Waarom kan *Afrikaner* nie *mede-Afrikaner* vind deur die band van 'n eenheidsbeginsel nie? Waarom moet Afrikaners hulle blind staar teen die nietighede en daarmee dikwels die groter en veel hoër en ryker ideale laat vervaag in 'n atmosfeer van kleinsieligheid en jaloesie? Die Afrikanervolk is tog die draer van waardevolle gemeenskaplike erfenisse en ideale: ons *suiwer Afrikaanse Bloed*, ons *Godsdiens*, ons *Taal en Kultuur*, ons *Roemryke Verlede* (wat egter nie bloot heldeverering mag wees nie), ons *Christelik-Nasionale Opvoeding*, en groeiende uit al die erfenisse ons *Vryheidsdrang* wat die Afrikanerideaal van 'n *Afrikanerrepubliek* wek.

Die Afrikaner mag hom nie langer kortsigtig doodstaar op die nietighede wat hulle voordoen in die volksstryd nie; daarmee gaan die einddoel verlore. Laat Afrikaners mekaar die broederhand reik; laat die broederband van volkserfenis en volksideaal nouer gesnoer word; laat die Afrikaner leer om te staan in diens van sy land en volk — en in direkte diens van sy mede-Afrikaner — dan sal die nietige geskille vervaag en die einddoel kragtiger verrys. En dan alleen sal die eindideaal 'n werklikheid kan word. Deur te konsentreer op die eenheidstrewe en vasberadenheid om die beginsels van Afrikanerskap te verwesenlik, sal die Afrikaner in staat wees om enigiets wat in die weg mag kom eenvoudig doelbewus te ignoreer of uit die weg te stamp, weereens tot die bittere ontnugtering van diegene wat hulle doelbewus as 'n struikelblok in die weg gelê het.

Of ons dit verkies of nie, die toekoms van elkeen van ons lê opgesluit in die antwoord op die vraag: Wie gaan in hierdie land regeer?... Is dit nie ons nie, sal dit volgens alle tekens dié groot ander groep wees wat ten spyte van 'n valse ideologie die magsfaktore van die nuwe eeu kan hanteer en uitbuit?

*Adv. J. de Vos.*

# Die Oorlog

## PRESIDENT ROOSEVELT

*„De Waereldgeschiedenis is 't Waereldgericht,*
*Vergelding, de wet der Historie."*
*— Ten Kate.*

Deur Prof. J. A. Wiid

Enige dae gelede is die nuusagentskap Sapa-United Press toegelaat om die volgende berig uit Washington wêreldkundig te maak: „Amptenare van die Amerikaanse departement van arbeid kry dit te doen met 'n toenemende aantal stakings en hulle wyt dit aan die heersende woelinge op nywerheidsgebied . In die afgelope weke was daar 'n vinnige styging in die stakingskurwe. In die eerste drie maande van 1944 was daar 1,030 stakings teenoor 653 in dieselfde tydperk van verlede jaar." Hierop volg dan 'n verduideliking:

„Die amptenare het rede om besorgd te wees en verklaar dat baie van die stakings veroorsaak is deur minder belangrike griewe wat gou geskik is. Hulle meen dat veel van die woelinge toegeskryf kan word aan die senuspanning wat in oorlogstyd 'n normale verskynsel is."

Al die verskonings en verduidelikings van die wêreld kan egter niks afdoen van die feit dat 'n „vinnige styging in die stakingskurwe" vir 'n oorlogvoerende land veral 'n baie ernstige saak is nie. Stakings en onluste op nywerheidsgebied was nog nooit die produkte van 'n staat waar binnelandse vrede, geluk en voorspoed geheers het nie. In 'n land soos die oorlogvoerende Amerika, waar staatsbeheer so diep en so grondig ingegryp het in die private en openbare lewe moet hierdie staatsbeheer aan ernstige gebreke mank gaan as hy die jongste „woelinge op nywerheidsgebied en 'n vinnige styging in die stakingskurwe" nie kon keer nie en nywerheidsvrede in die „land van onbeperkte moontlikhede" nie kan verseker nie. Wat hierdie gebreke werklik is, verneem ons gewoonlik nie van Reuter nie maar uit Amerikaanse nuusblaaie en tydskrifte wat met verbysterende openhartigheid en felheid inligting oor hul staatshoof en sy administrasie verstrek.

### Beskuldigings teen Roosevelt.

Die Amerikaanse Staatshoof is vandag geen gunsteling by die oorgrote meerderheid van die Amerikaanse nuusblaaie en tydskrifte nie. Ook die Amerikaanse Kongres (parlement) en selfs Roosevelt se eie party, die Demokratiese party, het al meermale bewyse gelewer dat hul vertroue in die President nie meer is wat dit was nie. Roosevelt se groeiende onpopulariteit in sy eie land moet in die eerste plek nie aan sy buitelandse beleid en oorlogvoering toegeskryf word nie maar aan sy binnelandse politiek. Dit moet egter steeds voor oë gehou word dat dit altyd uiters moeilik is om absolute grense tussen buitelandse en binnelandse politiek te trek.

Op die oomblik word die President in elk geval daarvan beskuldig dat hy die slegste administrateur is wat die Verenigde State vir 'n baie lang tyd gehad het. Met sy legio van beheerrade wat nie orde nie maar chaos geskep het, word die spot gedryf. Hy en sy administrasie word daarvan beskuldig dat hulle magteloos teenoor krankhede soos inflasie, ernstige pryskommelings en algemene ekonomiese ontwrigting staan. Roosevelt en sy administrasie sou ingryp waar dit nie nodig is nie en sake maar laat ontwikkel waar hy behoort in te gryp. Wat na-oorlogse maatskaplike veiligheid en algemene re-konstruksie betref, is daar baie Amerikaners wat in die Roosevelt-administrasie geen vertroue het nie.

Die President word voorts daarvan beskuldig dat hy in sy binnelandse politiek geen beleidsbeginsels het nie. Daar word in hierdie verband herinner aan sy „New Deal" en aan sy woorde in Chicago in 1932 toe hy vir die eerste keer president geword het: „I pledge you — I pledge myself — to a new deal for the American people." Vandag word die President daarvan beskuldig dat hy besig is om sy „New Deal" oorboord te werp en om selfs die naam van sy grootste bydrae tot die politieke geskiedenis van Amerika uit te wis.

Die President word verder daarvan beskuldig dat hy sy eie volk nie meer vertrou nie en dat hy by die dag geheimsinniger word. Roosevelt sou sy eie volk nie genoeg op hoogte hou wat die oorlogvoering betref nie. Belangrike oorlogsnuus sou nie openbaar gemaak word nie. Selfs Elmer Davis, die hoof van die O.W.I. (Official War Information) sou nie op hoogte van die oorlogsgebeure gehou word nie. Vandaar dat die President by sy jongste besoek aan Kaïro en Teheran wel vergesel was deur ses Filippynse koks maar nie deur Elmer Davis nie! Die regering word beskuldig dat hy aan die volk te min „feite" en te veel „propaganda" verstrek.

Die haat teen Roosevelt en sy administrasie het in 'n onlangse debat in die Amerikaanse senaat oor soldatestemme by die aanstaande verkiesing 'n hoogtepunt bereik wat selfs vir ons parlementariërs 'n openbaring sal wees. Die President en sy ministers word bestempel as 'n „gang" vir wie „lynching" in die vooruitsig gestel word. Die bejaarde senator Ellison D. Smith het o.a. die volgende gesê: „I have been here with five Presidents and a piece — and a sixth; five presidents and the thing we have got. Yes; I have, I have been here with six Presidents and I enjoyed being a Senator until this miserable thing came along . . ."(!)

Dit is die toestand in Amerika te midde van 'n wêreldoorlog en op die vooraand van 'n presidensiële verkiesing. Die taktiek van die behendige politikus Roosevelt gedurende die volgende maande sal interessant wees indien hy soos algemeen veronderstel word, weer as kandidaat gaan staan.

## OP DIE KANSEL.

Moederkerk:
10.30 v.m.: Ds. Hanekom.
7 n.m.: Ds. Hanekom.

Nuwekerk:
10.30 v.m.: Ds. Louw.
7 n.m.: Dr. Snyman.

## KUNSWEDSTRYD: Beoordeling

Die volgende beoordelings in die Kunswedstryd kan deur enigeen teen betaling van 6d. per keer bygewoon word:

**Vanaand: 7 n.m. — Veral Koorsang en Klaviernommers in die Conservatoriumsaal.**

**Vanaand: 8 n.m.: — Voordrag in of nommers in C.S.V.-saal.**

**Môre: 3 n.m. — Volkspele en Volksdanse in H.J.-skoolsaal.**

**Môre: 7 n.m. — Veral Koorsang ook Klaviernommers in Conservatoriumsaal.**

**Maandag, 22 Mei: 9.30 v.m., 2 n.m. en 4 n.m. — Klaviernommers C.J.V.-saal.**

Onthou die pryswennerskonserte Vrydag, 2 Junie en Saterdag, 3 Junie.

**Rook Springbok-Sigarette**

## ORAL OOR

Deur C. C. C.

**Plattelandse intrekkers word voorgelig:** Die Armesorgkommissie van die N.G. Kerk (Kaapland) het as onder-afdeling van die Christelik-Maatskaplike Raad onlangs ingestel 'n voorligtingsdiens ten behoewe van plattelandse intrekkers in die stad.

Die funksie van hierdie diens is besonder lofwaardig, waar dit probeer skakel tussen platteland en stad, in dié sin dat intrekkende Afrikaners, deur middel van die onontbeerlike en waardevolle inligting wat verskaf word aan hul, in staat gestel word om dadelik kontakte te maak met hul kerk en volk in hul nuwe en meestal onsimpatieke omgewing. Sodoende word gepoog om die Afrikanertradisies, volksmoraal en veral godsdienssin ook in ons te bestendig en te versterk. — Inderdaad 'n edele daad van opofferende diens van die kant van die Kerk aan die argelose intrekkendes. Maar dié kontakte eindig nie sodra die eerste inligting (b.v. t.o.v. woonbuurt, werk, kerk en kulturele kontakte) verskaf is nie. Nee, en dis juis die mooie in die daad: Die beoogde bande word versterk deur in gedurige voeling te bly met die ingetrekkene, om also diensvaardig te wees in die probleem van aanpassing gedurende die eerste jare, terwyl as hoogste oogmerk geld die organiese inskakeling by Kerk (as lidmaat) en kultuursfere.

Mooi word hierdie prysenswaardige oogmerke van die voorligtingsdiens gestel in die verklaring van die Sekretaris daarvan: (Posbus 144, Kaapstad): **„Die Kantoor is daar om die intrekker te ontmoet as volksgenoot. . In plaas van 'n los, selfstandige bestaan moet hy ontdek dat daar 'n diens is waartoe sy Kerk en volk hom roep."**

Ons verneem dat mnr. A. A. Stulting, die ywerige sekretaris van hierdie voorligtingsdiens is, asook van die Christelike Maatskaplike Raad. Langs hierdie weg wil ons aan mnr. Stulting *sterkte* toewens in sy offervaardige diens! Hy is aan die lesers van *Die Matie* geen onbekende nie, en het reeds in die volkslewe, hoewel 'n betreklike jong Afrikaner, sy spore verdien. Mag die C. M. Raad beantwoord in die hoogste mate aan die heerlike doel wat dit beoog!

## „Die Filosofiese Palet"

Môreaand om 8 uur word in die stadsaal 'n vertoning gelewer van die Margaret Morris Beweging in die vorm van 'n kleurryke musiekspel. Die tonele stel verskillende hoedanighede van die perfekte vrou voor, b.v. opgewektheid, blydskap, soepelheid, grasie, wakkerheid en lewensindiwidualiteit. Bo alles egter staan uit om die skoonheid van gesondheid en 'n aantreklike persoonlikheid te verkry.

Daar sal 25 deelnemers van verskillende ouderdomme wees.

Onthou, die fondse gaan ten behoewe van die LANGENHOVEN GEDENKSAAL-FONDS.

(Vervolg van bls. 1 kol 4.)

bosch is; opvallend is dan ook die groot aantal „nuwelinge" onder die 200 studenteinskrywings.

In die afdeling viool het Bruckner de Villiers weereens besondere sukses behaal met ses eersteklasse. Die Jan Pierewiet-geselskap het 92% in een afdeling van die volkspele behaal, maar moes in die ander die vlag stryk. 'n Groot aantal groepe het deelgeneem, waaronder die van die plaaslike skole besonder goed vertoon het.

Mnr. A. G. de Witt, 1e jaar Kweekskool, het onlangs teruggekeer van sy ouerhuis te Potchefstroom, alwaar hy 'n tydlank opgesteld was. Hy is heelwat beter.

## LANDBOU-BUNKDAG LOOP VAN STAPEL

Die tradisionele jaarlikse bunkdag van die landboustudente, by welke geleentheid fabrieke van landboukundige belang besoek word, het verlede Donderdag verloop. 'n Uiters geslaagde dag is in die Kaap deurgebring en landbouers bly Abe van Niekerk, die organiseerder, baie dank verskuldig.

In die oggend is die brouery van *Castle Breweries Ltd.* besoek waar die manne met groot belangstelling die massaproduksie van bier kon gadeslaan. Aan die einde van die besoek het elkeen ook 'n gewaardeerde voorsmaak daarvan gehad en glase het geklink op die suksesvolle voortsetting van produksie en konsumpsie. Hierna is *Pyotts se meule* en bakkery besigtig. Almal het gepraat van *„Pyotts se beskuitjies.*

In die middag het die groep 'n warm ontvangs by die *Imperial Cold Storage* geniet. 'n Leersame uurtjie is daar deurgebring waarby die Dagbrekers veral gebaat het want hier het hul kennis gemaak met die geheime van die vervaardiging van daardie bekende rooi worsies.

Om die uitstappie te kroon is die sigaret fabriek van die *United Tobacco Co.* besoek. Hier is alle besonderhede van tabakbewerking aan die studente getoon. Ook het die direksie goeie voorsiening gemaak vir die volgende week se rookgoed.

Bedankingstoesprake is by die verskillende fabrieke gemaak deur mnre. Van Rensburg, Krige, Maas en du Plessis.

## DEBATSVERENIGING

- **Môreaand om 8-uur (na biduur).**
- **Huishoudkundesaal.**
- **„Tokkelokke behoort nie op die S.V.R. te dien nie."**
- **Jan Smith en mej. Prutske du Toit teen Hennie Marais en mej. Miemie Schabort.**

**Kom seker, en stel ook u opvatting van dié saak!**

Mej. Hettie van Biljon, van Rozenhof, het onlangs op 'n partytjie haar verjaardag gesellig saam met 'n groot aantal van haar vriende en vriendinne gevier.

## WEET U?

**U weet seker hoe swaar dit soms is om geldjies te kry vir die ditjies en datjies?**

Sorg dat u toekoms nie, ná 'n suksesvolle Universiteitsloopbaan, deur gebrek aan geldelike vermoë belemmer word nie. Jong professionele manne en vroue weet dat hulle sal miskien lank moet wag voordat hulle 'n winsgewende betrekking sal kan opbou. Dokters of prokureurs moet 'n praktyk of vennootskap koop. Die maklikste en beste manier om u planne te bewerkstellig is om nou te spaar en u besparings in UNIE-LENINGSERTIFIKATE te belê.

**Koop hulle deur middel van Negepennie Spaarseëls, of vir kontant, by enige Poskantoor.**

**Darters**
Pleinstraat, Stellenbosch
*Vir waarde in:*
* *Boeke*
* *Skryfbehoeftes*
* *Kunsmateriaal*

## Onder Onsies

**Teol. kand. D. S. Snyman,** primarius van Dagbreek en voorsitter van die S.V.R., lewer e.k. Sondag 4.15 n.m. sy proefpreek in die Moederkerk.

* * *

'n Aantal vriende het Saterdagaand mnr. Stephen Joubert, wat dié week na Transvaal vertrek het om 'n betrekking aldaar te aanvaar, gaan toesing. Die „serenaders" kon nie wegkom voordat hulle eers binnegenooi is en iets geniet het nie.

* * *

**Mnr. Piet Swart,** primarius van P.S.O., het verlede Vrydagaand tesame met sy huiskomitee sy verjaardag gevier by Suikerbossie. Mnr. Callie van der Merwe se grappe het baie bygedra om die gesellgheid te verhoog.

* * *

**Mejj. Ena en Rykie Joubert,** die tweeling van Huis-ten-Bosch, het Dinsdag hul verjaardag gevier.

* * *

**Dr. P. Schoeman** het Maandagaand 'n goedverteenwoordigde vergadering van die Dames Studentevereniging in die huishoudkundesaal toegespreek. Die onderwerp was besonder interessant en is behandel op 'n wyse waarop slegs 'n kenner van die naturellelewe soos dr. Schoeman dit kan doen.

## CALV. STUDIE-VER.

**Vergadering: Maandagaand 21 Mei, 8-uur.**
**Plek: Ou Leeskamer.**
**Tema: Kerklike Samewerking.**
**Spreker: Mnr. S. du Toit.**

**Alle belangstellendes welkom!**

*Maties!*
**Maak ons u APTEKERS en wees verseker van ons beste AFRIKANER DIENSTE.**
DIE
**Voortrekker-Apteek**
**Andringastraat, Stellenbosch**

Vir **BLAKENDE GESONDHEID drink HEERLIKE**
**KWV**
**DRUIWESAP**
*Onthou ! K.W.V.-Eau de Cologne is 'n besonder aangename en welriekende parfuum*

**Foon 94**
**Santy se Bottelstoor**
*En probeer ons groot verskeidenheid Soetwyne en keurige Aptyt-drankies*

*Dames raadpleeg*
**TANT MITA**
*voor u materiaal koop en Bespaar!*
Deftige Tabberds, Jasse en Baadjies.
**Recreationsgebou, PLEINSTRAAT.**

*MATIES!!!*
**DE CLERK**
**DIE DROOGSKOONMAKER**
Verseker U van vertroubare dienste.
**Birdstraat 79, — Stellenbosch.**

**Die C.S.V.-BOEKHANDEL**
kan u naas u *Voorgeskrewe Boeke* en Skryfbehoeftes ook voorsien met *Leerartikels* van alle soorte.
•
*Groot verskeidenheid van Afdrukke van Skilderye* en ander prente ook in voorraad.
•
**Die C.S.V. - Boekhandel**

**Rook Springbok-Sigarette**

# Sportmanne In Die Nuus

## Georges Carpentier

Daar was onlangs interessante nuus van die beroemde Franse vuisvegter, Georges Carpentier. 'n Berig van die Franse grens af het gemeld dat sy naam op die swartlys van die weerstandsbeweging in Frankryk geplaas is, omdat hy by geleentheid van sy 50ste verjaarsdag 'n byeenkoms bygewoon het wat die Duitsers vir hom gereël het. Duitse boksgeesdriftiges het op 'n openbare geleentheid glo ook 'n horlosie aan hom geskenk.

Carpentier is 'n groot figuur in die geskiedenis van die kryt, en het waarskynlik meer nasionale en internasionale kampioenskappe verower as enige ander bokser. Vanaf 1913 tot 1920 was hy die Europese kampioen in die middelgewig-, ligswaargewig- en swaargewig-afdelings, en in 1911 het hy ook nog die weltergewigtitel van Europa gebuit. Daarby was hy die houer van vyf Franse kampioenskappe in verskillende afdelings. Later het hy die lig-swaargewigkampioen van die wêreld geword deur sy oorwinning oor Battling Levinski, maar die neger Siki het hom kort daarna weer van sy troon getuimel in 'n verrassende geveg.

Carpentier was 'n aangename, innemende persoonlikheid, wat altyd 'n groot aanhang gehad het. Dit was egter veral sy skoon en aanskoulike vegmetodes wat hom so gewild gemaak het. Hy was een van die uitstaande wetenskaplike boksers van alle tye, en daarby 'n vernietigende slaner met albei vuiste. „Gunboat" Smith, die beroemde oud-swaargewigkampioen van die wêreld, wat self onder Carpentier se vuiste deurgeloop het, beskou hom vandag nog as die hardste slaner in die boksgeskiedenis.

Carpentier het net eenkeer deelgeneem aan 'n geveg vir die wêreld se swaargewig bokslouere — en wel teen Jack Dempsey, een van die gevaarlikste vuisvegters wat ooit geleef het. Die botsing het 93,000 toeskouers gelok, wat $1,586,580 aan hekgelde betaal het, en het destyds groot opspraak verwek. Die Amerikaanse pers het soveel publisiteit aan Carpentier se loopbaan gegee dat hy 'n warm gunsteling in die weddenskappe was (ten spyte daarvan dat hy meer as 20 pond ligter as die kampioen geweeg het).

Carpentier was egter nie teen die geweldige Amerikaner opgewasse nie en is in die vierdie ronde uitgeslaan. Hy het hom darem moedig geweer en in die tweede ronde het hy sy teenstander byna op die planke gehad.

Hierdie gevierde Fransman sal in die bokswêreld nooit vergeet word nie.

# VOETBAL

## Die Eerstespan se Vertoning

Die tweede Intervarsity tussen Stellenbosch en Groote Schuur onder beskerming van die Wes-Kaaplandse Rugbybond het in 'n punte-lose gelykopspel geëindig en Peet het sy trotse rekord gehandhaaf. Die gelykopspel is miskien 'n juiste weergawe van die verloop van die spel, want albei kante het hul ongeluk gehad om nie punte op die telbord te plaas nie.

Oor die algemeen is dit moeilik om juis te sê watter span nou die beste vertoon of die meeste verdien het om te wen. Alhoewel die Maties soms ook knaend op die aanval gehamer het en hulle verdediging ruimskoots net so rotsvas was soos die Apies s'n, het die Witspan tog die indruk geskep of daar meer fut in hulle aanslae was. Dink hier b.v. aan die keer toe die witkop-losskakel van Groote Skuur, Kowie van der Westhuizen, sy lyf deur 'n gaping gepluk het en 'n lang skop veldop gelos het. Soos windhonde het al vyftien witjersies die bal agterna gesit; eers was Petrus van der Walt so op 'n nippertjie na deur, maar toe hier geen deurkomkans was nie het die bal weer teruggekom na van der Westhuizen en de Villiers moes net keer voor. Dit was werklikwaar 'n verligting vir die Matieondersteuners toe die spel uiteindelik uit Stellenbosch se gebied verplant is. Dit was 'n wedstryd waarin hardnekkige verdediging hoogty gevier het oor doelbewuste aanvalle.

Soos verwag, was die brandpunt van die stryd tussen die voorspelers beslis. Hier was dit 'n lus om spelers soos van Blerk, Burger en Munro te sien werk. Veral eersgenoemde het Saterdag so 'n uitstekende vertoning gelewer dat die W.K.-keurkomitee op dié stadium nie juis kan bekostig om hom uit die span te laat wat op 3 Junie teen Boland moet speel nie.

Onder die agterspelers was Jan de Villiers vir die Rooispan 'n toring van sterkte. Dit was ook hy wat daardie veelbesproke skepskop in die eerste helfte van die wedstryd van sy voet weggestuur het. Van die persbanke het dit oor gelyk, maar die skeidsregter het anders besluit en die juigende Matiestemme is tot stilte gedwing. Du Plessis het ook 'n paar maal gevaarlik weggekom net om hom maar vas te loop in 'n hele paar grypende Groote Schuur arms.

Dit was opmerklik dat Fanie van der Spuy, wat andersinds op Intervarsity die agterspeler is wat die meeste gevrees word deur sy opponente, omdat hy so skielik 'n wending aan 'n wedstryd kan bring, Saterdag hom maar baie stil gedra het, grootliks miskien as gevolg van sy onlangse besering wat nog nie heeltemal herstel het nie. Albei spanne was gelukkig om geen beseerde passasiers te hê nie.

Rustyd het aangebreek met die Apies nog sterk op die aanval, nadat die Rooispan 'n paar keer gevaarlik in die besoekers se gebied gaan kuier het.

Na hervatting het die skare tevergeefs gewag vir die punte wat die skaal in een of ander span se guns sou laat swaai. Tom Fourie wat uitstekend agter die skrum vertoon het, het 'n verdienstelike beweging op tou gesit wat gelyk het of dit op iets sou uitloop, net om maar weer gestuit te word deur Groote Schuur se dodelike verdediging. In die laaste minute van die wedstryd het die Maties pal geboer in die Apie se gebied, maar of die verdediging wou skiet gee was verniet. Uitskeityd was die telbord nog skoon, en so het nog 'n Intervarsity in 'n lang reeks wat onafskeidelik aan Matieland en sy tradisie verbonde is tot 'n einde gekom.

## NETBAL

Môre sal die 1ste en 2de spanne die hardste wedstryde van die jaar speel. O.K.P., hul gedugte opponente, sal hier op Coetzenburg teen hul optree. Kom kyk egter gerus maar hoe die Maties die oorwinning behaal.

## Môre op die Rugbyveld

Môre vind daar geen senior ligawedstryd op Coetzenburg plaas nie, aangesien albei die Maties se spanne na elders afreis. Die eerstespan bied op Liesbeekpark die tuisspan die hoof terwyl die 1-B die stryd op Paarl teen Neels Krige se manskappe gaan aanknoop.

Liesbeekpark het veertien dae gelede 'n stewige vertoning teen ons B-span gelewer en getoon dat hulle van nou af bepaald 'n faktor sal wees waarmee rekening gehou sal moet word. Die voorspelers van die Spoorwegspan veral is woelig en met 'n man soos Piet Kriel om hulle aan te vuur sal hulle hul nie sommer maklik die les laat lees deur die Maties nie. Vos, die oud-W.P.- en verlede seisoen Wes-Kaaplandse haker, speel ook vir hulle en sal ten minste sorg dat die bal taamlik wegbly van die Matiesnellers. Maar dit is eintlik ook al plek en dit is in die voorhoede waar hulle veel sê behoort te hê. Met die Maties se agterlyn en die beweeglike voorspelers onder leiding van Snyman daar om rigting aan die aanvalle te gee moet die Rooispan sommer baie sleg vertoon as hul geklop sal word.

Die 1-B het weereens 'n harde stryd voor die deur teen die Paarlse vyftiental, maar hulle behoort miskien net die paal te haal. In elk geval die Paarliete sal nie veel punte teen hulle aanteken nie en sal sommer van meet af aan alles in die skaal moet gooi om seker van 'n oorwinning te maak.

## Hokkie-Intervarsity

Môre word die jaarlikse hokkie-intervarsity op Groote Schuur afgehandel. Beide die mans en damesspanne is in die stryd betrokke en hokkiegeesdriftiges wat die moeite wil doen om die wedstryde by te woon kan daarvan verseker wees dat hul opwindende spel te sien sal kry. Verlede jaar is die Ikeys met Intervarsity op oortuigende wyse geklop en alhoewel die klub 'n hele paar van sy spelers verloor het, het daar tog nuwe kragte bygekom en ons sien nie waarom hulle die oorwinning nie kan herhaal nie.

Ook die dames het verlede jaar in die inter-universitêre botsing gesegevier. Wat hulle kanse egter môre teen die sterk Ikey-span is, is duister.

## AANMUNTING IN S.-A.

Die koste van aanmunting van silwer en kopergeld in S.A. sedert 1923 is as volg: (Die waarde waartoe die betrokke muntsoorte sedert die stigting van die S.A. munt in 1923 uitgereik is, word in hakies aangedui agter elke soort):

7/7 vir slaan van 8 halfkrone (£2,565,912) of 10 tweesjielingstukke (£2,023,606) of 20/- (£1,056,917). 8/- vir 40 sikspense (£590,801). 8/10 vir 80 trippense (£760,539). 6/10½ vir 240 pennies (£187,506). 8/10½ vir 480 halfpennies (£38,284). 16/3¼ vir 960 oortjies (£12,906).

Dit is dus duidelik dat die aanmuntingskoste van die kleinste muntstukkie wat ons in S.A. ken, die hoogste is van al ons muntsoorte.


Vir die maak van u volgende
O Paar Sandale
O Stewels
O Skoene
BESOEK
LUBBE
die deskundige skoenmaker en repareerder
Foon 440

HENDRIKSZ
die slagter, spesialiseer in
WORS en VLEIS
vir
BRAAIVLEISAANDE.
Andringastraat, Stellenbosch.

HALDENWANG
HEERLIKE GEBAK—NET WAT U HART BEGEER
Kom besoek ons winkel in PLEINSTRAAT
en probeer ons Koek, Tert, Vleispasteitjies en alles wat lekker is.
(Foon 135)

Sien Ons Nuwe
CHECK-SPORTBAADJIEMATERIAAL
Gemaak na maat slegs £5 5/-
Prys oral £6 10/- tot £7 10/-
KOM KYK EERS BY ONS
Snit en Pas gewaarborg, of geld terug.
SPESIAAL VIR DAMES
So pas ontvang besending Wol-Checkmateriale in ses verskillende kleure, baie doeltreffend vir Dames-halfrokkies.
BELANGRIK: Sien aanstaande week se Matie vir Spesiale Ontruiming van Sportbaadjies onder Inkoopprys.
Gebrs. de Wet (Eiens.) Bpk.
Foon 20. STELLENBOSCH. Bus 21.

HENDRIKZ
Foon 95.
vir
Elektriese Benodighede
Radio en alle Elektriese Reparasies
Langs Voortrekker Apteek
ANDRINGASTRAAT

G. E. HENDRIKSZ
se viswinkel vir
VARS GEBAKTE VIS, AARTAPPELREPIES, SOUTVIS en KIPPERS.

Maties!
Die Victoria Katee
Vir
Vars Vrugte
Smaaklike Lekkers
Vriendelike Bediening
Mnr. MALZER
Onthou
Die Biljart Salon